

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n Addendum van 10 bladsye (i–x). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. In hierdie vraestel is daar drie afdelings:

AFDELING A: Begrip, Taal en Styl	(50 punte)
AFDELING B: Poësie	(30 punte)
AFDELING C: Visuele Geletterdheid en Kritiese Taalbewustheid	(20 punte)
 3. Beantwoord AL die vrae in Afdeling A en C.
 4. In Afdeling B is daar een keusevraag, nl. Vraag 5 of 6. Beantwoord dus drie vrae in hierdie afdeling: Vraag 4 (verplichtend), Vraag 5 of 6 (kies een) en Vraag 7 (verplichtend).
 5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genummer is.
 6. Begin elke vraag **boaan 'n nuwe bladsy**. Rofwerk moet duidelik aangedui word.
 7. Laat 'n reël oop tussen antwoorde en moenie in die kantlyne skryf nie.
 8. Lees die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let op die puntetoekenning by elke vraag en gebruik dit as riglyn vir die antwoord se lengte.
 9. Langs die nommer van sommige vrae kom die afkorting **MS** voor. Dit beteken dat daardie spesifieke vraag volgens 'n **metingskaal** nagesien sal word. Jou antwoord moet 'n uitgebreide paragraaf wees, aangesien jou vermoë om te argumenteer en inligting te integreer, beoordeel sal word.
 10. By elke vraag word 'n voorstel gemaak omtrent die aantal minute wat jy daarvoor moet gebruik om te verseker dat jy die vraestel in die gegewe tyd voltooi.
 11. Skenk aandag aan taalversorging.
-

AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL**VRAAG 1**

Gebruik ongeveer 40 minute vir hierdie vraag.

Lees die resensie "Briewe teen tirannie van die onmiddellike" deur Francois Bekker (Teks 1 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 1.1 Hoekom verwys die resensent eers in paragraaf 5 na die boek onder bespreking? (1)
- 1.2 Korrigeer die leestekenfout in paragraaf 1. Gee 'n rede vir jou verandering. (2)
- 1.3 Lees die definisie van die woord "tiran" uit die HAT6 en beantwoord die vrae wat volg:
- ti•ran s.nw. [~ne] **1 (a)** gewelddadige heerser; onderdrukker: *in opstand kom, jou verset teen 'n tiran. (b) (hist.) alleenheerser. 2* persoon wat hardvogtig sy/haar mag uitoefen: *Volgens Koos was sy onderwyser 'n ware tiran. 'n tiran in die huis wees, kantoortiranne. [Grieks turannos]*
- [Bron: HAT6: 1342]
- 1.3.1 Hoe word woordklem in die HAT6 aangedui? (1)
- 1.3.2 Hoe weet ons dat die woord "tiran" oor tyd heen van betekenis verander het? (1)
- 1.3.3 **MS** Johan Rossouw beskryf hedendaagse kommunikasie, soos boodskappe op sosiale media, as "die tirannie van die onmiddellike" (paragraaf 2). Is hierdie beskrywing, veral in kontras met handgeskrewe briewe, gepas? Motiveer jou antwoord. (3)
- 1.4 Watter effek het die leestekengebruik in die laaste sin van paragraaf 2 en hoe skakel dit met die inhoud? (2)
- 1.5 Lees paragraaf 4 weer. Watter boek, dink jy, sou die beste verkoop: *Mits dese wil ek vir jou sê of Vlam in die sneeu*? Verskaf **twee** redes vir jou antwoord. (2)
- 1.6 Hartman moes as **burokraat** die administrasie van die SAUK se musiekdepartement bestuur. As **kunstenaar** was hy die dirigent van die SAUK-orkes (paragraaf 9). Waarom skep hierdie twee aspekte van sy werk 'n spanning by Hartman? (2)
- 1.7 Watter **kontras** tussen Hartman en Van Wyk se lewens word in paragraaf 9 aangedui? Gebruik jou eie woorde. (1)
- 1.8 Die volgende sin kom in paragraaf 12 voor:
- Lesers wat in kunsmusiek belangstel, sal baie waarde in hierdie bundel vind.
- Reduseer hierdie sin deur die **bysin** te vervang met 'n **frase** wat as onderwerp van die sin sal optree. (1)
- 1.9 Verduidelik waarom **voetnotas** (paragraaf 13) in hierdie boek nuttig is. (2)

- 1.10 Dink jy dit is eties aanvaarbaar om sulke stukke privaat korrespondensie te publiseer? Verskaf **twee** antwoorde, een wat begin met "Ja, want ..." en een wat begin met "Nee, want ..." (2)
- 1.11 Kies EEN van die volgende twee vrae om te beantwoord:
- 1.11.1 **MS** Wat in hierdie resensie lok jou om hierdie briewebundel te lees? Verduidelik waarom jy so sê. (3)
- OF**
- 1.11.2 **MS** Wie se privaat korrespondensie (briewe of plasings op sosiale media) sou jy graag so in boekvorm wou lees? Verduidelik waarom jy so sê. (3)

[23]**VRAAG 2**

Gebruik ongeveer 30 minute vir hierdie vraag.

Lees die twee lesersbriewe (Teks 2A en 2B in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

Verwys na Teks 2A.

- 2.1 Waarna verwys die woord "pes" in paragraaf 1? (1)
- 2.2 Watter onsekerheid word in paragraaf 1 uitgewys? (1)
- 2.3 Hoe kan 'n druiwetros 'n aanduiding wees van iemand se nering (die persoon se werk) asook die persoon se neiging? (2)
- 2.4 Waarom gebruik die skrywer koppeltekens in die frase "Hand-, druk- en soengroet" in paragraaf 3? (1)
- 2.5 Watter menseregteskending, volgens paragraaf 3, word deur die dra van maskers veroorsaak? (1)
- 2.6 Wat impliseer die woord "handevrywend" omtrent die "klere-ghoeroe" in paragraaf 4? (1)
- 2.7 Hoe sluit paragraaf 5 aan by die toon en die inhoud van die res van die brief? (2)
- 2.8 Identifiseer en korrigeer 'n spelfout in die brief. (1)

Verwys na Teks 2B.

- 2.9 Waarom open die brief met die verwysing na Emile Joubert se rubriek? (1)
- 2.10 **MS** Bespreek die funksie van die asterisk (*) soos dit in paragraaf 4 en 5 gebruik word en dui aan of dit 'n aanvaarbare strategie vir 'n gesinskoerant is. (3)
- 2.11 Wat is die funksie van die apostroof wat twee keer in paragraaf 5 voorkom? (1)
- 2.12 In 'n tyd waarin verskeie belangrike wêreldgebeure plaasvind, kies die brieweredakteur van *Die Burger* om hierdie brief te plaas. Verskaf TWEE redes wat sy besluit kan verduidelik. (2)

[17]

VRAAG 3 TEKSVERWERKING

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Situasie:

Jou klas het 'n prys gewen: julle kan almal saam vir 'n naweek weggaan na enige bestemming in Suid-Afrika.

As deel van die besluitnemingsproses moet elkeen met 'n voorstel 'n kort toespraak voor die klas hou om almal te oortuig dat daardie idee die klas se beste keuse sal wees.

Jy voel dat 'n besoek aan die Karoo-dorpie Sutherland die beste idee is en jy berei jou toespraak voor met die teks van die Vriende van Sutherland-vereniging (Teks 3 in die Addendum).

Opdrag:

Skryf nou die teks van jou toespraak neer. Sorg dat dit jou **klasmaats** oortuig om vir jou voorstel te stem!

Let wel:

- Die titel van jou toespraak is: SUTHERLAND, HIER KOM ONS! Dit word NIE by jou woordtelling ingereken nie.
- **Jy mag GLAD NIE die lydende vorm in jou toespraak gebruik nie.**
- Jou toespraak moet 90 tot 100 woorde lank wees.
- Dui jou woordtelling onder jou toespraak aan.
- Tel alle woorde in jou toespraakteks, ook lidwoorde (**die** en **'n**).
- Jou **inhoud** mag uitsluitlik uit die teks kom – moenie jou eie idees of voorstelle invoeg nie.
- Jy moet minstens agt feite uit die teks gebruik om jou argument te staaf.
- Jy mag meer as een paragraaf gebruik.
- Gebruik 'n informele styl, maar sonder Engelse of slengwoorde.
- Jou toespraakteks sal volgens 'n metingskaal nagesien word.

[10]

50 punte

AFDELING B POËSIE**VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG**

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Lees die gedig "Briewe uit die kolonies I" deur Marius Crous (Teks 4 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 4.1 Verduidelik die kontras tussen die aanhef ("waarde here in die metropool") en die titel van die gedig ("Briewe uit die kolonies"). (2)
- 4.2 Hoe het die spreker in die gedig se posisie verander sedert die koloniale tyd? Ondersteun jou antwoord met 'n aanhaling. (3)
- 4.3 Dit klink asof strofe 2 (versreël 7 tot 19) begin as 'n lofsang met die woorde "waarde here/met u kennis van ...", maar spoedig let die leser op dat die spreker 'n gans ander houding teenoor die "waarde here" openbaar. Bespreek hierdie houding aan die hand van 'n voorbeeld uit strofe 2. (3)
- 4.4 Watter interteks word in versreël 33 tot 35 gesuggereer en hoe bewerkstellig hierdie interteks ironie in die gedig? (2)
- 4.5 In die slotreëls (versreël 55 en 56) suggereer die spreker 'n oplossing vir die probleme wat die "waarde here" geskep het. Stel hierdie oplossing in jou **eie woorde**. **Motiveer** of dit werklik 'n oplossing is of nie. (2)

[12]

VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag (indien dit die vraag is wat jy kies.)

Lees die gedig "Telkom-gesprek met my ma (2)" deur Lukas Malan (Teks 5 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 5.1 **MS** In sowel "Telkom-gesprek met my ma (2)" deur Lucas Malan (Teks 5 in die Addendum) en "Verse" deur Carina Stander (Teks 6 in die Addendum) word die verhouding tussen 'n ouer en 'n kind uitgebeeld. Waarom, sou jy sê, is "Telkom-gesprek met my ma (2)" se uitbeelding die oortuigendste? Verwys na albei gedigte in jou antwoord. (4)
- 5.2 Hoe reageer die spreker in die slotkoeplet op wat sy ma sê? Gebruik jou eie woorde. (2)
- 5.3 Noem TWEE maniere waarop Lucas Malan 'n informele gesprekstoon in hierdie sonnet bewerkstellig. (2)

[8]**OF****VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG**

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag (indien dit die vraag is wat jy kies.)

Lees die gedig "Verse" deur Carina Stander (Teks 6 in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 6.1 **MS** In sowel "Telkom-gesprek met my ma (2)" deur Lucas Malan (Teks 5 in die Addendum) en "Verse" deur Carina Stander (Teks 6 in die Addendum) word die verhouding tussen 'n ouer en 'n kind uitgebeeld. Waarom, sou jy sê, is "Verse" se uitbeelding die oortuigendste? Verwys na albei gedigte in jou antwoord. (4)
- 6.2 In die twee slotreëls kom 'n woordspeling voor wat 'n besondere verband tussen haar en haar pa vasvang. Verduidelik hierdie woordspeling in jou eie woorde. (2)
- 6.3 Haal 'n treffende voorbeeld van beeldspraak uit strofe 3 aan en verduidelik die trefkrag daarvan in die konteks van die gedig. (2)

[8]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

Gebruik ongeveer 20 minute vir hierdie vraag.

Lees die gedig "Naskrif" deur D.J. Opperman (Teks 7A in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 7.1 'n Naskrif aan die einde van die brief is 'n ekstra gedagte wat nie belangrik genoeg was om deel van die brief self te wees nie. Hoekom sou die spreker in die gedig hierdie inligting aan sy "lief" as 'n "naskrif" oordra? (1)
- 7.2 Watter effek het die gebruik van paarrym op die leser? Hoe pas hierdie rymskema by die inhoud van die gedig? (2)
- 7.3 Bespreek die toon wat in hierdie gedig geskep word en dui aan hoe die **woordkeuse** en **beeldspraak** dit ondersteun. Verskaf ten minste een voorbeeld van elk. (3)
- 7.4 **MS** Lees die gedig deur Boerneef wat jy bestudeer het (Teks 7B in die Addendum). Dink jy dat die gedig "Naskrif" as brief deur die spreker in Boerneef se gedig aan sy meisie gestuur sou word? Verduidelik jou antwoord. (4)
- [10]**

30 punte

**AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID EN KRITIESE TAAL-
BEWUSTHEID****VRAAG 8**

Gebruik ongeveer 30 minute vir hierdie vraag.

Bestudeer die spotprent deur Fred Mouton (Teks 8A in die Addendum) asook die twee plakkaate (Teks 8B en Teks 8C in die Addendum) en beantwoord die volgende vrae:

- 8.1 **MS** Bespreek die verhouding tussen die man en die vrou in die bootjie soos dit deur die visuele elemente van die spotprent asook die man se woordkeuse en sinsbou uitgebeeld word. (5)
- 8.2 Som die **strekking** van die spotprent in jou eie woorde op. (2)
- 8.3 Die dag nadat hierdie insident met die mense in die bootjie en die haai voorgekom het, verskyn 'n artikel in die koerant daaroor. Verskaf 'n kop (opskrif) vir hierdie artikel van hoogstens agt woorde. (2)
- 8.4 Hoe dra die muisie se woorde ("Hier kom groot kaak ...") by om humor in die spotprent te bewerkstellig? Let wel: jy mag geen woorde wat gewoonlik as kru beskou word, in jou antwoord gebruik nie. (2)
- 8.5 **MS** Mouton gebruik duidelik die rolprentplakkaat van *Jaws*, 'n fliek deur Steven Spielberg uit 1975, as visuele interteks (Teks 8B in die Addendum). In die rolprent terroriseer 'n groot wit haai swemmers by 'n vakansieoord.
- Bespreek hoe vrees ontlok word by mense wat na die rolprentplakkaat kyk, en hoe Mouton in sy spotprent hierdie vrees bevestig én ontloot. (4)
- 8.6 Die pro-haai-aktivis Lesley Rochat het in 2019 'n plakkaat met die titel "Dink weer oor die broodrooster" (Teks 8C in die Addendum) vir die Eco-Logic toekennings ingeskryf. 'n Ander inskrywing van haar beweer dat *Jaws* propaganda is.
- 8.6.1 Wat is Rochat se doel met die plakkaat (Teks 8C)? (2)
- 8.6.2 **MS** Bespreek hoe suksesvol Rochat se plakkaat sal wees om hierdie doel (Vraag 8.6.1) te bereik. (3)

20 punte

Totaal: 100 punte